Sing vooraf: Psalm 138:1 (p. 670)

1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode͡in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:1, 7 (p. 575)

1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

7 Dit is die Heer wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 9:1, 7 (p. 36)

1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;

7 Die hart van hul wat U bely, / sal in u Naam standvastig bly.
Dié wat U soek in stil vertroue, / is by U veilig en behoue.

Skriflesing Nehemia 9

Teks: Nehemia 9:5b
En die Leviete Jésua en Kádmiël, Bani, Hasábneja, Serébja, Hodía, Sebánja, Petágja het gesê: Staan op, loof die HERE julle God van ewigheid tot in ewigheid! En laat hulle u heerlike Naam loof wat bo alle lof en prys verhewe is!
(Nehemia 9:5 AFR1953)

Staan op, loof die HERE julle God van ewigheid tot ewigheid!

Dit was nog altyd in die kerkgeskiedenis so dat wanneer mense swaar beproef word, hulle na die Here toe gegaan het.

- Hulle het dan deur hulle te verootmoedig hulle saak met die Here reggemaak sodat die Here hulle weer geseën het.
- Ons erediens vanaand dra juis die karakter van verootmoediging omdat daar van ons jongmense is wat vanaand hulle geloof voor die Here gaan bely.
- Om jou geloof te kan bely, beteken dat jy jouself ook in jou sondeverlorenheid moet ken, want dit is juis dit wat ons laat besef dat sonder die verlossing van ons Here Jesus Christus ons nooit in die ewige lewe die binnekant van God se koninkryk sal sien nie.
- Dit geld inderdaad elkeen van ons wat hier saam is voor die Here se heilige teenwoordigheid.

Ons gee in hierdie preek aandag aan die volgende sake:

1. Die beginsels rondom verootmoediging
2. Wat word van ons verootmoediging en skuldbelydenis?
3. Vorentoe in die Here Jesus Christus

1. Die beginsels rondom verootmoediging

Kom ons kyk watter beginsels die Here gegee het rondom die vasdag van Israel in hulle swaarkrytyd toe Nehemia hulle goewerneur was.

Die gedeelte wat ons saam gelees het, vertel dat die volk in daardie stadium al ’n maand lank bymekaar was om in die wet onderrig te word.

- Nadat die eerste gedeelte, wat die loofhuttefees ingesluit het, afgeloop was, het hulle ’n tweede volksvergadering gehou.
- Hulle het weer in groepe gaan sit op die plein by die waterpoort (8:7 en 9:3).
- Elke groep het ’n paar Leviete gehad wat hulle onderrig het.

Die hoofdoel van hierdie vergadering was om hulle skuld en sonde voor die Here te bely. Hoe het hulle dit gedoen?

- Hulle het interessante gebruike gehad waarmee hulle uiterlik vir die Here wou wys dat daar van hulle kant af fout is en dat hulle dit wil regmaak.
- Hulle het gevas. Dit beteken dat hulle daardie hele dag niks geëet het nie. Hierdie gebruik het die Here al vroeër vir hulle gegee.

Hulle vas en berou het verder uitgekom in die klere wat hulle aangehad het – rouklere.

- Rouklere het bestaan uit ’n grofgeweefde rompie van bokhaar of kameelhaar.
- Dit is gewoonlik sonder onderklere gedra. (Die kledingstuk word ook met *sak* vertaal – dis waar ons spreekwoord *sak en as* vandaan kom.)
- Die rou van die volk het ook uitgekom in die grond of as wat hulle op hulle koppe gegooi het (vergelyk Job 16:15).

Die idee was dat iemand wat gerou het, hom so na as moontlik soos ’n dooie laat lyk het (vergelyk Esra 9:3; 10:6).

> **En toe ek dit hoor, het ek my kleed en my mantel geskeur en van die hare van my hoof en my baard uitgepluk en verslae neergesit.** (Esra 9:3 AFR1953)
>
> **En Esra het hom opgerig van voor die huis van God en weggegaan na die kamer van Jóhanan, die seun van Éljasib. En hy het daar gekom; geen brood het hy geëet en geen**

water gedrink nie, want hy het rou bedrywe oor die ontrou van die ballinge. (Esra 10:6 AFR1953)

Daarmee het hulle fisies probeer sê dat hulle dood is in hulle misdade en sondes. Dit is waarna Paulus ook verwys in Efesiërs 2:1.

En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes (Efesiërs 2:1 AFR1953)

Wat baie opvallend is, is dat hulle op daardie dag van berou en belydenis 'n streng skeiding gemaak het tussen die Jode en die heidene.

- Dit het niks met politiek te doen gehad nie.
- Dit was suiwer om dié wat die Here ken, eenkant in ware aanbidding te kry (vergelyk Esra 10:44).

Die Jode moes met hierdie aksie terselfdertyd op 'n punt kom waar hulle hulle eie sondes en dié van hulle voorouers kon bely.

- Hulle moes in hulle aanbidding tot op so 'n punt van eerlikheid kom dat daar nie ander mense kon wees vir wie hulle die skuld van hulle sondes en die straf daarop kon gee nie.

Die volksvergadering (erediens?) het 'n halwe dag lank geduur. Dit was van sonsopkoms tot die middag.

- In ons tyd omgereken was dit ongeveer ses uur (vergelyk 8:4).
- Die een helfte van die tyd was bestee aan voorlesing en verduideliking van die Bybel
- Die tweede helfte van die tyd was gebruik om belydenis te doen.

Hulle het by hierdie geleentheid nie net hulle persoonlike sondes bely nie.

- Hulle het ook die sondes bely wat die volk in die verlede bedryf het.
- Hulle het hulle geskiedenis deurgegaan en erken dat hulle foute gemaak het, en ook erken dat die Here se strawwe oor hulle goed en reg was.
- Daarby het hulle hulle ook biddend en verootmoedigend voor die Here neergewerp (vergelyk 8:7).

Die beginsel geld vandag vir ons ook. As ons hoegenaamd wil hê dat die Here ons moet seën, dan moet elkeen van ons baie eerlik ons skulde voor die Here bely.

2. Wat word van ons verootmoediging en skuldbelydenis?

Die Here verhoor dit dadelik as ons berou en ons bekering wat daarmee saamgaan werklik opreg is.

- Daarom moet ons nie nadat ons skuldbelydenis gedoen het, aanhou om swaarmoedig te wees nie.
- Ons berou en verootmoediging moet onmiddellik oorgaan in vreugde en positiewe aanbidding.

Skuldbelydenis beteken nie dat jy in depressie mag verval nie.

- Daarom het die Leviete die volk dadelik beveel om op te staan van die grond af.
- Hulle trane en gekerm moes, nadat hulle sondebelydenis gedoen het, ophou.
- In die plek daarvan moes die volk 'n grootse lofsang tot eer van die Here sing.

Die Bybel gee hier ’n baie belangrike lewensreël. Ons moet die Here loof.

- Om die Here te loof beteken dat jy die inhoud van die Here se seën oor jou dadelik vir jouself toeëien.
- As jy jou sondes bely het, hoef jy nie te wag tot môre voordat jy beter voel nie – die Here se raad kom dadelik in werking.
- Die ontplooiing van sy Goddelike genade het nie nodig om eers ryp te word nie. As Hy ons smeekgebede verhoor, seën Hy ons dadelik.
- Daarom moet dit ook dadelik in die volk se gesindheid en aanbidding uitkom: Staan op en loof die HERE!

Natuurlik kan mens nie sommer net uit jou rou opstaan en in jou vreugde onverantwoordelik wees nie.

Daar moet ’n bepaalde inhoud in jou loof en dank aan die Here wees.

- Daarom vermaan die Leviete hulle dat die loof en dank van ewigheid tot ewigheid moet wees.
- Jou dank aan die Here moet soveel diepte hê dat dit die tyd kan deurstaan.
- Jy moet dit voortsit soos wat jy dit van die vorige geslagte af ontvang het, en dit moet oorgaan op die geslagte wat na jou kom.

In ons idioom gestel, sou ons sê dat die gemeente op hulle sondebelydenis moet antwoord met ’n blymoedige getuienis van die Here se bereidheid om te seën.

- Dit moet duidelik wees dat die Here bo alle lof en prys verhewe is – Hy is so groot dat die beste en grootste lofprysinge nog nie by die volle diepte van die Here se grootheid en genade kan bykom nie.
- Die Here is nog groter en ryker as ons beste lofpsalms.

Die volk het toe ’n loflied gesing.

- Die ***loflied*** van die volk begin met ’n lofverheffing aan die HERE.
- Die skeppende mag van die Here word geroem.
- Daarom is dit ook ’n ***danklied***, want ook ons het ons bestaan aan die skepping van die Here te danke en ons voortbestaan aan sy vaderlike sorg.
    - Die Here is Skepper van meer as net ons en ons aarde – Hy het ook die hoogste hemel geskape (hemel der hemele: Psalm 148:4. Vgl ook: Deuteronomium 10:14; 1 Konings 8:27; 2 Kronieke 2:6).
    - Daarby is daar ook meer wesens as ons – die hemelse leërskare.
    - Hulle is ook gemaak om die Here te loof en te prys.

Die lied wat die volk toe sing, vertel kortliks dat Israel vergeet het dat dit die Here se groot goedheid is waarvan hulle lewe.

- Hulle bely dat hulle begin agteruittrap het in hulle geloof en dat hulle geweier het om te doen wat van hulle gevra word.
- Miskien moet ons nie te vinnig oor hierdie gedeelte lees nie, want hier word die beginsel gestel wat die straf van die Here oor ons in werking stel.
    - Hulle het hulle teenoor die Here se wil opgestel – hulle het wederstrewig geword.
    - Die opdragte van die Here het vir hulle so minderwaardig geword dat hulle nie eers wou omkyk daarnatoe nie (agter die rug).
- Die profete wat kom waarsku het, het almal die doodstraf gekry.

Ons het miskien nie profete doodgemaak nie, maar in hierdie land is daar nie meer baie mense wat tyd het vir die Here nie.

Die ware respek en eer vir God het grootliks verdwyn, want die siening van die dag is dat die Christelike geloof maar op een lyn staan met valse gelowe soos die hindoeïsme en die geloof van die moslems, die aanbidding van die voorvaders met hulle geloofsgenesers en al daardie soort gelowe.

Hoe kan mens verwag dat die Here sy seën sal gebied voordat hierdie geloofswanorde herstel is?

3. Vorentoe in die Here Jesus Christus

Die feit is dat gelowiges op ’n punt moet kom waar die dinge agter die rug lê, en dan moet hulle vorentoe gaan.

- Hulle moet van hulle sondes bekeer word en dan met ’n loflied op hulle lippe hulle diens aan die Here verkondig.
- Vers 27 is dan die lofprysing waartoe hulle opgeroep word. Hulle sing hulle dank teenoor die Here uit.

In hierdie loflied aan die Here bely die gelowiges dat hulle in die verlede al ’n hele paar keer verregaande gesondig het en verdwaald geraak het in hulle geloof, en dan het die Here hulle in die benoudheid ingebring.

- Benoudheid beteken dat jy nie kan asem kry nie.
- Jy versmoor en jy voel die doodsangs om jou vasslaan.

Hoe het die Here dit gedoen?

- Op verskillende maniere. In die rigters se tyd – byvoorbeeld – het die Here hulle elke keer aan vyande onderwerp en daardeur gestraf oor hulle sondes.

Hulle bely teenoor die Here dat hulle in sulke tye elke keer geweet het om te gaan bid en te roep dat die Here moet help.

- Elke keer was die Here se genade oorvloedig; elke keer het die Here vir hulle verlossers (die rigters) gegee.
- Dit is waaroor hulle dank gaan: Die Here seën altyd weer!

Ons het dieselfde ervaring. Altyd in ons nood is die Here se seënende hand groter as ons ellendes.

- Ons moet net nie vorentoe doen wat Israel dan elke keer gedoen het nie.
- Elke keer wanneer hulle deur die Here geseën is, het die vrede hulle nie goed gedoen nie, want elke keer het hulle weer in hulle kwaad teruggeval en die Here agtergelaat.
- Dit is ’n fout. Ons moet in ons lewe bely dat ons geloofsvolwasse geword het en dat ons die Here van harte ken. Ons moet op ’n punt kom waar ons voor God bely dat ons die volle verantwoordelikheid om Hom van harte te dien, nou self wil dra.
- Ons moet ook teenoor die Here onderneem dat ons nou in die tyd van ons geloofsvolwassenheid die Here altyd sal loof en prys vir sy seën oor ons.

Kyk wat staan hier geskryf: *Die botoon van die loflied is nie die Here se straf nie.*

- Die Here se genade en vergewing voer die botoon oor sy oordeel.

- Kom bely almal in ons harte vanaand weer saam met hierdie jong broeders en susters ons geloof voor God en dan gaan leef ons singend en biddend met ons hele lewe tot eer van God.

Ons het ook nie nodig dat ons alewig terugval in ons sondes soos ou Israel nie.

- Die Here het ons deur die dood van sy Seun en deur die uitstorting van die Heilige Gees verander sodat ons tot meer bekwaamheid as hulle in staat is.
- God het sy Seun tot die dood toe gestraf vir al ons sondes.
- Ook die dinge wat volke doen wat so erg is dat die Here hulle met oorloë en droogtes moet straf – droogtes, soos byvoorbeeld in Elia se tyd, en oorloë soos byvoorbeeld in die Rigtertydperk, waarvan hierdie gedeelte self vertel.

Om voor God geloofsbelydenis te doen is byna soos om jou sondes af te sterf en in die nuwe ewige lewe met God op te staan!

Aan die ander kant is die doen van geloofsbelydenis profeties van die doodsheid wat in die hel wag as ons nie lewe in en met dit wat ons van en voor God bely nie.

- As ons werklik diensknegte van die Here Jesus Christus is, sal ons die eerlikheid hê om te bely dat ons soms in sondes val maar dat ons nie daarin sal bly lê nie!
- In die Here Jesus Christus se bloed is ons so vernuut, veral ook deur die inwerking van God die Heilige Gees, dat ons almal die regte pad ken.

Kom ons wat glo en die Here dien, al is ons hoe min, staan op uit alles wat nie goed en reg is nie, en ons lewe 'n lewe van opregte lof en dank aan God.

- Ons bely sy beskerming wat in die verbond aan ons bevestig is en wat ons daagliks ervaar.
- Kom ons bely die Here se genade en, juis met sy genade so ryk oor ons, bid ons vir vergifnis van ons sondes en vir seën op ons lewe vorentoe.
- Ons bid dan nie met twyfel in ons gemoed nie. Ons bid omdat ons die feite ken: God seën altyd waar mense opstaan uit hulle sondes en met 'n ware geloof verder lewe. **Staan op, loof die HERE julle God van ewigheid tot ewigheid!**

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 91:7 (p. 462)

7 Hoog sal jy oor die leeukop stap, / vertree die roofbespringer;
jy sal op slang en adder trap / wat sluipend om jou slinger.
"Hy het my lief, hom maak Ek vry / wat dierbaar in my oog is;
Ek waak oor hom, want hy bely / my Naam wat hoog en sterk is.

Aflegging van geloofsbelydenis

Psalm 134 (Beurtsang) (p. 653)

Die hele gemeente

1 O priesters, wat voor God bly staan, / wanneer die sonlig ondergaan,
wanneer die laaste straal verskiet – / o loof die HEER in sang en lied!

Al die susters

2 O hef vir ons 'n naglied aan, / wanneer ons weer van hier moet gaan;
hef priesterlike hande en pleit, / as alles rus in donkerheid.

Al die broeders

3 Die HEER se seen sal met u gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seen oor u gebied.

Die hele gemeente sing ons nuwe belydende lidmate toe

4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 19 Oktober 2008